

1. Wysigings aan inligting in die 2020 JAARBOEK as gevolg van die COVID-19-krisis, van toepassing op die hele jaar en, waar so aangedui, spesifiek op die eerste semester

2. Wysigings aan inligting in die 2020 JAARBOEK as gevolg van die COVID-19-krisis, van toepassing op die hele jaar en, waar so aangedui, spesifiek op die tweede semester

Wysigings aan inligting in die
2020 JAARBOEK as gevolg
van die COVID-19-krisis, van
toepassing op die hele jaar en,
waar so aangedui, spesifiek
op die eerste semester



Inhoudsopgawe

FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme
Voorgaadse programme
Nagraadse programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme
Voorgaadse programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Veranderinge aan programme en modules

FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Veranderinge aan programme

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Veranderinge aan programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme
Veranderinge aan module-uitkomste of praktiese vaardighede verwerf
Veranderinge aan veronderstelde leerure
Veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud
Voorvereistes en slaagvoorvereistes

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Reëlings oor werkgeïntegreerde leer/Onderrigpraktyk

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Veranderinge aan programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT TEOLOGIE

Veranderinge aan programme

FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme

BSc (Bewaringsekologie)

Die eerstesemestermodule **Entomologie 418** in die program **BSc (Bewaringsekologie)** sal eers in die tweede semester voltooi word. Twee van die assesserings kan nie via 'n aanlyn platform geskied nie, en kan eers voltooi word wanneer studente na die kampus terugkeer. Hierdie twee assesserings is soos volg:

- Fisiese insameling van insekte (50% van die prestasiepunt)
Entomologie 418 vereis die fisiese insameling en identifisering van 'n saamgestelde versameling van 150 insekte. Weens die inperking het studente nie geredelike toegang tot die buitelewe om voort te gaan om die eksemplare in te samel óf die nodige materiaal byderhand om hulle versamelings te voltooi nie.
- Praktiese toets (20% van die prestasiepunt)
'n Skriftelike praktiese toets kan eers afgelê word nadat die insekmateriaal geïnspekteer is.

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Daar word tans in die Jaarboek aangedui dat die modules hieronder die *eksamenassesseringsbenadering* volg. Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, sal al hierdie modules egter nou na die *buigsame-assesseringsbenadering* oorslaan.

- Agronomie 212
- Agronomie 312
- Agronomie 322
- Agronomie 324
- Agronomie 332
- Diere-anatomie en -fisiologie 214
- Dierefisiologie 324
- Genetika 215
- Genetika 315
- Gewasproduksie 214
- Grondkunde 214
- Grondkunde 314
- Hortologie 314
- Hortologie 434
- Houtprodukkunde 234
- Landbou-ekonomie 234
- Landbou-ekonomie 334
- Landbou-ekonomie 424/783
- Landbou-ekonomie 478/781
- Landbou-ekonomie 772/892
- Landbou-ekonomie 773/893
- Landbou-ekonomie 775/895
- Landbou-ekonomie 776/896
- Landbou-ekonomie 780/884
- Plantpatologie 314

- Plantpatologie 414
- Toegepaste Plantfysiologie 414
- Voedselwetenskap 214
- Voedselwetenskap 324
- Voedselwetenskap 488

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme

Weens aanlyn onderrig, leer en assessering moes die samestelling van die volgende programme van die Fakulteit soos volg gewysig word:

Voorgraadse programme

Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid

Die eksamens wat oorspronklik by afstandslokale sou plaasvind, is herskeduleer om aanlyn afgelê te word.

Die **module Volhoubare Ontwikkeling en Internskap** (40 krediete) in die Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid behels 'n internskap van 200 uur (sowat vyf weke) by 'n organisasie/maatskappy wat 'n volhoubare-ontwikkelingsdoelwit (SDG of *sustainable development goal*) nastreef. Die internskappe is oorspronklik vir die tydperk 30 Junie tot 13 September geskeduleer. Ander opsies word nou oorweeg. Een opsie wat oorweeg word, is om die internskap tot later in die jaar uit te stel en huidige derdekwartaalinhoud vroeër as wat beplan is aan te bied. Die finale reëlings sal via SUNLearn aan studente oorgedra word sodra meer inligting beskikbaar is.

BCom (Internasionale Besigheid)

Die derdejaarsmodule **Uitruilsemester 342** (60 krediete) vir 2020 verskuif na die tweede semester van die vierde jaar van die BCom (Internasionale Besigheid) omdat dit onwaarskynlik is dat 'n uitruilopsie vanjaar nog moontlik sal wees.

Die 60 krediete sal vervang word met die 60 krediete van keusemodules wat van studente in die vierde jaar verwag word. Studente kan die Jaarboek vir die lys beskikbare keusemodules raadpleeg.

Vir verdere navrae of bystand, kontak gerus:

Prof Pierre Erasmus [programleier]

E-pos: pde@sun.ac.za

Nagraadse programme

Nagraadse diplomas

NGDip (Aktuariële Wetenskap)

Die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika- (AVSA-)vrystellings in die Aktuariële Wetenskap-modules moet met AVSA opgeklar word. Gesprekke met AVSA duur voort, maar geen finale aanduiding van AVSA is nog ontvang nie.

Indien studente nie eksamens onder toesig kan skryf nie, sal vrystellings waarskynlik nie toegestaan word nie, wat sal verhoed dat studente na die volgende module vorder. Gesprekke is ook aan die gang om bystand te verleen met die koste verbonde daaraan om 'n AVSA-opsienerslisensie te bekom en/of koste verbonde daaraan om die assessering in toesigomstandighede te herhaal.

Studente wat vir hierdie program ingeskryf is, sal op hoogte gebring word sodra AVSA terugvoer voorsien.

NGDip (Finansiële Beplanning)

Alle eksamens vir hierdie program is tot ná Augustus 2020 uitgestel omdat die beroepsliggaam eksamens onder toesig vereis. Indien die inperking ná Augustus voortduur, sal studente nie hulle eksamens betyds kan aflê om in Desember 2020 te gradueer nie.

Honneursprogramme

HonsBCom (Logistieke Bestuur)

Die keusemodule **Pakhuisbedryfbestuur 741** vir 2020 is gekanselleer. Alle studente wat tans vir hierdie module ingeskryf is, sal gederegistreer word en aan die begin van die tweede semester opnuut vir 'n ander keusemodule geregistreer word om toe te sien dat hulle die vereiste 120 krediete bekom om die program teen die einde van 2020 te voltooi. As gevolg van beperkte toegang tot die nagraadse rekenaarlaboratorium, sowel as beperkings op

toegang tot werkplekblootstelling, is dit onmoontlik om die module in 2020 te voltooi. Ongelukkig is daar geen alternatiewe beskikbaar om met hierdie module voort te gaan nie, maar daar is gelukkig in die tweede semester ander keusemodules beskikbaar. Die studente tans vir die module ingeskryf is reeds in kennis gestel.

HonsBCom (Openbare Verantwoordbaarheid)

Die eksamens wat oorspronklik by afstandslokale sou plaasvind, is herskeduleer om aanlyn afgelê te word.

Magisterprogramme

Magister in Besigheidsbestuur en -administrasie (MBA)

Die komponent **Internasionale Studie** van die MBA word uitgestel tot 'n latere stadium in 2020 wanneer internasionale vennote weer studente kan ontvang. Reëlins word met vennootuniversiteite getref, en sal gefinaliseer word sodra meer inligting oor die fluïditeit van die situasie wêreldwyd beskikbaar is.

MCom (Bedryfsielkunde)

Die buitekampusassesserings wat oorspronklik vir hierdie program geskeduleer is, moet heroorweeg word. Alternatiewe wat tans oorweeg word, is aanlyn assesserings, of om die assesseringsblokke tot later in die akademiese jaar uit te stel. Die saak sal verder bespreek word namate omstandighede ontvou en studente sal van die veranderinge wat noodsaak is in kennis gestel word, sodra meer inligting beskikbaar is.

MPhil (Ontwikkelingsfinansies)

Die keusemodule **Capita Selecta** sal nie meer in Julie in Kanada gefasiliteer word nie. Die fasilitering van die module is geherskeduleer vir Augustus by die Universiteit Stellenbosch.

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Alle voorgraadse modules sal steeds van *buigsame assessering* gebruik maak. Nietemin sal sekere veranderinge aan die oorspronklike assesseringsplan vir elke module aangebring word, soos om meer aanlyn assesserings in te sluit. Waar dit van toepassing is, sal die gewysigde assesseringsplanne wel duidelik in die moduleraamwerke op SUNLearn aan alle studente oorgedra word.

Assessering van nagraadse modules

Assessering van die volgende nagraadse modules moes soos volg gewysig word:

14027-876 Sielkundige Assessering in Praktyk

Die finale datum vir die afneem van sielkundige toetse is tot 31 Oktober 2020 uitgestel. Hierdie verlenging maak dit moontlik om terug te keer na 'n stand van sake waaronder studente toegang tot werkplekkontekste sal hê waarin hierdie toetse afgeneem kan word.

10408-712 Biostatistiek

Die **praktiese eksamen** wat vir hierdie module geskeduleer is, is met 'n **tuisprojek** vervang en die mondelinge eksamen is geskrap. Die gewigverdeling vir die prestasiepunt is gewysig en in die moduleraamwerk gekommunikeer.

10371-773 Kommunikasie in Aktuariële Wetenskap

AVSA moet nog bevestig of aanlyn assesserings in middel-Mei vir vrystelling in aanmerking sal kom.

10399-749 Bemerkingsnavorsing

Studente vereis toegang tot SPSS-sagteware in 'n rekenaarlaboratorium om die finale assessering te voltooi. Die finale assessering vir hierdie module is dus na die eerste week van die tweede semester verskuif.

Module-inhoud

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, moes die inhoud van sekere modules verander word. Die name van die betrokke modules sowel as die noodsaaklike veranderinge aan module-inhoud verskyn hieronder:

10744-771 Toegepaste Sielkundige en Prestasie-meting

Die afneem van die praktiese psigometriese toets in skole as deel van die sosiale-impakprojek is nie tans moontlik nie en is gekanselleer. Hierdie komponent sal vervang word met persoonlike toetsafneemervarings met behulp van verskillende toetsafneemetodes en aanlyn gesprekke/oordenkings. Die gewigverdeling vir die prestasiepunt is gewysig en in die moduleraamwerk gekommunikeer.

10403-774 Beroep- en Loopbaansielkunde

Aangesien toegang tot skole tans beperk is, is die praktiese aanbieding van 'n loopbaanwerksessie by twee skole gekanselleer. Die gewigverdeling vir die prestasiepunt is gewysig en in die moduleraamwerk gekommunikeer.

FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering was dit nodig om sekere veranderinge aan die samestelling van programme wat deur die Fakulteit aangebied word, te maak. Weens COVID-19 is dit onwaarskynlik dat kliniese opleiding in die eerste semester sal geskied. Tweedesemesterinhoud sal dus in die eerste semester aangebied word om in die tweede semester tyd in te ruim vir kliniese opleiding om te geskied. Die spesifieke veranderinge is soos volg:

Voorgraadse programme

Baccalaureus in Arbeidsterapie (BArb)

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, was dit nodig om veranderinge aan die assesseringsmetodes vir die teoriemodules BArb I tot BArb IV te maak. Alle lesings wat studente se fisiese teenwoordigheid vir die onderrig van praktiese vaardighede vereis, is na die tweede semester verskuif. In die lig van COVID-19 is riglyne met betrekking tot eksamens en bevordering, d.w.s. herevaluering en agterstallige krediete vir 2020, gewysig.

Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie

Kliniese rotasies

Die kliniese rotasies vir die volgende modules is tot die tweede semester uitgestel:

- 50946-184 Kliniese Spraakheelkunde
- 50946-274 Kliniese Spraakheelkunde
- 50946-374 Kliniese Spraakheelkunde
- 50946-474 Kliniese Spraakheelkunde

Teoriemodules

Die volgende teoriemodules, wat vir die tweede semester geskeduleer is, na die tweede en derde kwartaal verskuif:

- 46221-364 Inleiding tot Navorsing as 'n Beroepsfunksie
- 46221-378 Neurogene Kommunikasieafwykings
- 46221-478 Gevorderde Seminare in Spraak-Taal- en Gehoorterapie

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie (BScFisio)

Kliniese rotasies

Die oorblywende kliniese rotasies en kliniese assesserings vir die volgende modules is tot die tweede semester uitgestel:

- 52191-374 Kliniese Fisioterapie
- 52191-474 Kliniese Fisioterapie

Praktiese opleiding

Die oorblywende praktiese opleiding en assesserings vir die volgende modules is tot die tweede semester uitgestel:

- 52140-272 Fisioterapiewetenskap
- 52159-373 Toegepaste Fisioterapie
- 52159-473 Toegepaste Fisioterapie

Teorie

Teoretiese leeraktiwiteite en assesserings sal aanlyn voortgaan.

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Daar word tans in die Jaarboek aangedui dat die modules hieronder die *eksamenassesseringsbenadering* volg. Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, sal al hierdie modules egter nou na die *buigsame-assesseringsbenadering* oorslaan.

- 46264-117 Toegepaste Anatomie
- 46221-122 Menslike Kommunikasie
- 13652-141 Psigososiale Aspekte van Sorg

Module-inhoud

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, moes die inhoud van sekere modules verander word. Die name van die betrokke modules sowel as die noodsaaklike veranderinge aan module-inhoud verskyn hieronder. Die name van die betrokke modules sowel as die noodsaaklike veranderinge aan module-inhoud verskyn hieronder:

Alle teoriemodules in MBChB I – V

Waar dit ook al moontlik is, sal alle nuwe praktykgebaseerde leer vir alle kliniese rotasies nou aanlyn geskied. Kliniese eksamenformate word tans hersien om studentekontaktyd te beperk, omdat kliniese rotasies in die tradisionele, vorige vorm nie in hierdie stadium moontlik is nie.

47007-272 Praktiese Opleiding – BSc (Dieetkunde)

Aangesien dít 'n praktiese vaardighedsmodule is, kan nie alle onderrig en assesserings aanlyn plaasvind nie. Alle praktiese vaardigheidsonderrig en -assesserings wat studente se fisiese teenwoordigheid vereis, insluitend die praktiese eksamen, is na die tweede semester verskuif. Formele assesseringspunte vir studente wat dit reeds voltooi het, sal in 'n later stadium in die tweede semester ingesluit word wanneer alle studente dit voltooi het. Die Praktiese Opleiding-punt (PO-punt) word uit die praktiese assesserings van verskeie modules saamgestel.

47007-374 Praktiese Opleiding – BSc (Dieetkunde)

Aangesien dít 'n praktiese vaardighedsmodule is, kan nie alle onderrig en assesserings aanlyn plaasvind nie. Alle praktiese vaardigheidsonderrig en -assesserings wat studente se fisiese teenwoordigheid vereis, insluitend die praktiese eksamen, is na die tweede semester verskuif. Formele assesseringspunte vir studente wat dit reeds voltooi het, sal in 'n later stadium in die tweede semester ingesluit word wanneer alle studente dit voltooi het. Die Praktiese Opleiding-punt (PO-punt) word uit die praktiese assesserings van verskeie modules saamgestel.

Veranderinge aan programme en modules

Die besonderhede van die Ingenieurswese-programme en -modules wat in die Jaarboek aangedui word, bly onveranderd. Tussentydse veranderinge aan die Fakulteit se Assesseringsreglement is vir studente op die SUNLearn-tuisblaaie van Ingenieurswese-modules beskikbaar gestel, in die blok getiteld “Algemene inligting” aan die regterkant van die blad.

FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Veranderinge aan programme

Geen wesentliche veranderinge is aan programme van die Fakulteit Krygskunde aangebring nie.

Die Weermag het spesiale reëlings getref sodat pligte met die minimum risiko en veranderinge verrig kan word.

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Veranderinge aan programme

Geen wesenlike veranderinge is aan programme van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebring nie.

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Daar word tans in die Jaarboek aangedui dat die modules hieronder die *eksamenassesseringsbenadering* volg. Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, sal al hierdie modules egter nou na die *buigsame-assesseringsbenadering* oorslaan.

- Begeleiding 171
- Begeleiding 176
- Begeleiding 271
- Begeleiding 276
- Begeleiding 371
- Begeleiding 376
- Begeleiding 476
- Etnomusikologie 376
- Etnomusikologie 476
- Gehooropleiding 174
- Gehooropleiding 181
- Gehooropleiding 191
- Gehooropleiding 271
- Gehooropleiding 291
- Geskiedenis 214
- Globale Politieke Ekonomie 222
- Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178
- Inleiding tot Politieke Wetenskap 114
- Musiekwetenskap (Musiekvaardighede) 271
- Musiekwetenskap 174
- Musiekwetenskap 314
- Musiekwetenskap 344
- Musiekwetenskap 414
- Musiekwetenskap 444
- Politieke Gedrag 212
- Politieke Teorie 314
- Vergelykende Politiek 222

Module-inhoud

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, moes die inhoud van sekere modules verander word. Die name van die betrokke modules sowel as die noodsaaklike veranderinge aan module-inhoud verskyn hieronder.

13136-871 Ramprisiko-assessering en -analise

Die toegepaste navorsingsprojek, wat tans veldwerk insluit, is hersien om eerder op lessenaarnavorsing en -ontleding te konsentreer.

13134-712 Ramprisikowetenskap en -ontwikkeling

Die veldprojek in klasverband, veldwerktoere en 'n openbare seminaar is uit die module-inhoud geskrap, aangesien veldwerk en openbare byeenkomste nie moontlik sal wees nie. Die openbare seminaar is in selfstudie omgeskakel.

13718-771 Omgewingsgefare

Praktika van aangesig tot aangesig sal nie moontlik wees nie. Kontakpraktika is in selfstudie en/of aanlyn groepwerk verander.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Veranderinge aan programme

Aangesien onderrig, leer en assessering tans aanlyn plaasvind, moes die samestelling van die Fakulteit se programme verander word.

Veranderinge aan module-uitkomst of praktiese vaardighede verwerf

Om vir verlore onderrigtyd te vergoed, moes die inhoud van sommige modules gewysig word, wat hulle module-uitkomst raak.

Die **uitkomst** vir modules met 'n praktiese komponent bly onveranderd, maar studente sal nie die geleentheid hê om in die tweede kwartaal voort te bou op sommige van die praktiese vaardighede wat in die eerste kwartaal verwerf is nie. Alle veldwerktoere vir die Departement Aardwetenskappe se (jaar)modules in veldvaardighede sal ook by die tweedesemesterkomponent van hierdie modules ingesluit word.

11479-124 Chemie (Fundamentele Beginsels van Chemie I)

Die volgende uitkoms is geskrap: "Beskryf intermolekulêre interaksies en hulle effek."

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Biodiversiteit en Ekologie)
- BSc (Molekulêre Biologie en Biotegnologie)
- BSc (Menslike Lewenswetenskappe)
- BSc (Sportwetenskap)
- BSc (Chemie)
- BSc (Fisika)
- BSc (Aardwetenskap)
- BSc (Geo-informatika)

11479-324 Chemie (Fisiese Chemie)

Die volgende uitkoms is geskrap: "Identifiseer simmetrie-elemente in voorwerpe (waaronder molekules) en ken puntgroepe daaraan toe."

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Fisika)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Rekenaarwetenskap)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Toegepaste Wiskunde)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Wiskunde)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Abstrakte Wiskunde)
- BSc (Medisinale Chemie)

13374-224 Geologie (Sedimentologie en Stratigrafie)

Studente sal nie die geleentheid hê om voort te bou op praktiese vaardighede wat in die eerste kwartaal verwerf is nie.

Een van die module-uitkomst is dus gewysig na "Praktiese en teoretiese toepassing van die algemene minerale wat in gesteentes en ertse aangetref word, en hulle verwerking- en veranderingsprodukte."

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Aardwetenskap)

13374-314 Geologie (Stollingspetrologie)

Die voortgesette praktiese identifisering van stollingsgesteentes en praktiese mikroskoopwerk is nie haalbaar via aanlyn leer nie. Hoewel sommige praktiese werk voltooi is, sal studente nie die geleentheid hê om in die tweede kwartaal op hierdie vaardighede voort te bou nie.

Die huidige uitkomst is dus gewysig om aan te dui dat studente moet bewys lewer van “praktiese en teoretiese” ervaring.

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Aardwetenskap)

13374-324 Geologie (Sedimentologie en Stratigrafie)

Die voortgesette praktiese identifisering en tipering van stollingsgesteentes is nie haalbaar deur aanlyn leer nie. Sommige praktiese werk is voltooi, maar studente sal nie die geleentheid hê om in die tweede kwartaal op hierdie vaardighede voort te bou nie.

Die uitkoms “n Uitgebreide praktiese toepassing van standaardtegnieke wat in die wetenskap van sedimentologie en stratigrafie in die veld en laboratorium gebruik word” is verander na “Praktiese en teoretiese toepassing van standaardtegnieke wat in die wetenskap van sedimentologie en stratigrafie in die veld en laboratorium gebruik word”.

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Aardwetenskap)

Veranderinge aan veronderstelde leerure

Veronderstelde leerure is die vereiste tyd vir ’n gemiddelde student om ’n module te voltooi. Die veronderstelde ure vir ’n module word bereken deur die krediete met 10 te vermenigvuldig, bv. 10 krediete = 100 veronderstelde ure. Die veronderstelde ure wat oorspronklik vir die eerste semester in die volgende modules beplan is, moes soos volg verander word:

11479-214 Chemie (Organiese Chemie)

Vyftien bykomende ure word vereis om hierdie module te voltooi. Die klastoets sowel as drie van die vyf praktika vind in die tweede kwartaal plaas. Voorbereiding vir die aanlyn summatiewe assesserings maak deel uit van die vereiste bykomende ure vir die afhandeling van die module.

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Fisika)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Rekenaarwetenskap)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Toegepaste Wiskunde)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Wiskunde)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Abstrakte Wiskunde)
- BSc (Medisinale Chemie)

18139-315 Rekenaarwetenskap (Masjienleer)

Vyftien bykomende ure word vereis om hierdie module te voltooi. Kontakssessies is weens die Ingenieurswese-toetsweek gekanselleer. In alle gevalle moet studente ekstra ure werk om vir verlore tyd te vergoed. Dít word weerspieël in ’n effens swaarder lading van praktiese opdragte in die tweede kwartaal.

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Fisika)
- BSc (Geo-informatika)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe)

18139-344 Rekenaarwetenskap (Databasisse en Websentriese Programmering)

Vyftien bykomende ure word vereis om hierdie module te voltooi. Kontaksessies is weens die Ingenieurswese-toetsweek gekanselleer. In alle gevalle moet studente ekstra ure werk om vir verlore tyd te vergoed. Dít word weerspieël in 'n effens swaarder lading van praktiese opdragte in die tweede kwartaal.

Programme wat deur hierdie verandering geraak word:

- BSc (Chemie)
- BSc (Fisika)
- BSc (Geo-informatika)
- BSc (Wiskundige Wetenskappe)

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Alle eerstesemesterassesserings vir voorgraadse modules sal voor die aanvang van die tweede semester voltooi word, buiten:

- Aardwetenskapveldvaardighede 174, 272, 374;
- Omgewingsveldvaardighede 271, 372; en
- Wiskunde 314, 324, 325.

Daar word tans in die Jaarboek aangedui dat die modules hieronder die *eksamenassesseringsbenadering* volg. Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, sal al hierdie modules egter nou na die *buigsame-assesseringsbenadering* oorslaan.

- Biologie 124
- Biodiversiteit en Ekologie 212
- Biodiversiteit en Ekologie 334
- Toegepaste Wiskunde B124
- Toegepaste Wiskunde B224
- Chemie 124
- Chemie 214
- Chemie 234
- Chemie 314
- Chemie 324
- Chemie C 224
- Tekstielwetenskap 314
- Toegepaste Chemie 324
- Chemie vir die Gesondheidswetenskappe 111
- Geologie 314
- Geologie 324
- Ingenieursgeologie 214
- Omgewingsgeochemie 214
- Omgewingsgeochemie 314

- Wiskunde 214
- Wiskunde 314
- Wiskunde 324
- Wiskunde (Bio) 124
- Mikrobiologie 214
- Mikrobiologie 314
- Mikrobiologie 324
- Ingenieursfisika 113
- Fisika 114
- Fisika 176
- Fisiologie 114
- Fisiologie 214
- Fisiologie 314
- Fisiologie 334

Die assessering vir alle **honneursmodules** in Chemie en Wiskunde sal aan die begin van die tweede semester voltooi word indien op-kampusleer, -onderrig en -assesserings in daardie stadium hervat, of in Desember indien op-kampusleer en -onderrig vir die tweede semester nie moontlik is nie.

Module-inhoud

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, moes die inhoud van sekere modules verander word. Die name van die betrokke modules sowel as die noodsaaklike veranderinge aan module-inhoud verskyn hieronder.

13374-224 Geologie (Inleiding tot Mineralogie)

Die praktiese blootstelling aan mineraal-identifisering in handeksemplare sal by die Geologie-tweedese semestermodules 244 en 254 ingesluit word, en 'n praktiese mineraal-identifiseringstoets by Geologie 254. 'n Praktiese toets kan nie in hierdie stadium afgelê word nie, en is ook nie haalbaar via 'n aanlyn benadering nie.

20710-214 Toegepaste Wiskunde (Toegepaste Matriksmetodes)

Weens tydsbeperkinge sal die hoofstuk oor simmetriematrikse nie volledig behandel kan word nie.

20710-324 Toegepaste Wiskunde (Numeriese Metodes)

Weens tydsbeperkinge is die bespreking van aanpasbare metodes en eindige verskille vir BVP's geskrap.

11479-176 Chemie (Inleiding tot Chemie)

Die praktika in die tweede kwartaal is na die tweede semester verskuif en twee praktika sal aanlyn aangebied word.

11479-314 Chemie (Chemiese Analise II)

Die praktika in die tweede kwartaal is na die tweede semester verskuif en twee praktika sal aanlyn aangebied word.

12239-172 Aardwetenskapveldvaardighede

Aangesien 'n aanlyn benadering tot die veldwerktoere nie moontlik is nie, is die veldwerktoere tot die tweede semester uitgestel.

12239-374 Aardwetenskapveldvaardighede

Aangesien 'n aanlyn benadering tot die veldwerktoere nie moontlik is nie, is die veldwerktoere tot die tweede semester uitgestel.

21539-114 Wiskunde (Calculus)

Optimering en Newton se metode sal nie behandel word nie weens tydsbeperkinge. Selfstudie van hierdie onderwerpe sal vir Wiskunde 144 vereis word.

21539-214 Wiskunde (Gevorderde Calculus en Lineêre Algebra)

Die hoofstuk oor die divergensiestelling sal nie in besonderhede behandel word nie. Daar sal nie van studente verwag word om die teorie van eiewaardes of eievektore te ken of te gebruik nie. In plaas daarvan, sal hulle ryruimtes, kolomruimtes en nulruimtes moet kan gebruik om meer konkreet met die kern en bestek van 'n lineêre transformasie te werk.

21539-244 Wiskunde (Analise en Lineêre Algebra)

Die voorvereiste vir Wiskunde 214 is in 'n newevereiste verander.

56847-378 Finansiële Wiskunde

Dit sal nie verpligtend wees om sekere bewysmetodes vir die tweede kwartaal te leer nie, maar dit sal steeds aangemoedig word. Die klem sal eerder na praktiese aspekte verskuif.

12998-334 Fisika (Kwantummeganika A)

Sekere uitkomstes vir hierdie module wat in Fisika 352 gedupliseer word, is geskrap.

11053-214 Biochemie (Biomolekules: Struktuur-Funksie-verwantskappe)

Weens tydsbeperkings sal een uitkoms – doelstelling 28 – nie vanjaar hanteer word nie.

63991-314 Omgewingsgeochemie

Die onderwerpe **mediese geochemie** en **grondbesmetting** kan moontlik weens tydsbeperkings agterweë bly.

Voorvereistes en slaagvoorvereistes

Al die **voorvereistes en slaagvoorvereistes** vir tweedesemestermodules sal **laat vaar word**, buiten vir:

- Biochemie 365: voorvereiste Biochemie 324 laat vaar; voorvereiste Biochemie 315 verander na newevereiste;
- Biochemie 353: newevereiste Biochemie 214, 244, Toegepaste Chemie 334; en
- Wiskunde 244: voorvereiste Wiskunde 214 verander na newevereiste.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Geen wesenlike veranderinge is aan programme van die Fakulteit Opvoedkunde aangebring nie.

Reëlins oor werkgeïntegreerde leer/Onderrigpraktyk

Reëlins met betrekking tot werkgeïntegreerde leer (WIL)/Onderrigpraktyk word tans op nasionale vlak bespreek. Die Fakulteit sal die nasionale riglyne oor studenteplasing by skole volg, en sal met studente kommunikeer sodra verdere inligting beskikbaar is.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Veranderinge aan programme

Geen wesenlike veranderinge is aan programme van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebring nie.

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, moes die assessering van sekere modules verander word. Dít vereis wysigings aan die assesseringsinligting wat in die Jaarboek verskyn. Die name van die betrokke modules sowel as die vereiste wysigings verskyn hieronder:

41599-411 Belastingreg

Die tydsduur van die eksamen is van twee uur tot drie uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

17914-411 Privaatreg

Die tydsduur van die eksamen is van twee uur tot drie uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

49409-411 Administratiefreg

Die tydsduur van die eksamen is van twee uur tot drie uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

59838-211 Uitleg van Wetstekste

Die tydsduur van die eksamen is van 1½ uur tot 2½ uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

37273-311 Handelsreg

Die tydsduur van die eksamen is van 1½ uur tot 2½ uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

37273-312 Handelsreg

Die tydsduur van die eksamen is van 1½ uur tot 2½ uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

10009-711 Outeursreg

Die tydsduur van die eksamen is van vier uur tot vyf uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

10934-711 Patentereg en die Reg op Geregistreeerde Ontwerpe

Die tydsduur van die eksamen is van vier uur tot vyf uur verleng om voorsiening te maak vir moontlike probleme met die aanlyn indiening van die antwoordskrif.

Module-inhoud

Vanweë die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering, moes die inhoud van sekere modules verander word. Die name van die betrokke modules sowel as die noodsaaklike veranderinge aan module-inhoud verskyn hieronder:

17914-411 Privaatreg

“Sessie” is uit die module-inhoud vir die akademiese jaar 2020 geskrap. Weens tydsbeperkings kan hierdie onderwerp nie vanjaar behandel word nie. Nietemin sal die verandering nie die module-uitkomst beïnvloed nie.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Veranderinge aan programme

Geen wesenlike veranderinge is aan programme van die Fakulteit Teologie aangebring nie.

Wysigings aan inligting in die
2020 JAARBOEK as gevolg
van die COVID-19-krisis, van
toepassing op die hele jaar en,
waar so aangedui, spesifiek
op die tweede semester



Inhoudsopgawe

FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme
Nagraadse programme
Groot veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme
Voorgaadse programme

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Groot veranderinge aan programme

FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Groot veranderinge aan programme en modules

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme
Groot veranderinge aan individuele modules
Assessering

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme
Groot veranderinge aan individuele modules
Assessering
Module-inhoud

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Groot veranderinge aan programme
Voorgaadse programme
Nagraadse programme

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Groot veranderinge aan programme
Veranderinge aan individuele modules
Assessering

FAKULTEIT TEOLOGIE

Veranderinge aan programme of modules

FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme

Geen groot veranderinge is aangebring aan enige programme wat deur die Fakulteit AgriWetenskappe aangebied word nie.

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Verandering van eksamenassesseringsbenadering na buigsameassesseringsbenadering

Die onderstaande modules is tans in die Jaarboek gelys onder die *eksamenassesseringsbenadering*. Weens die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering sal al die volgende modules die *buigsame-assesseringsbenadering* volg:

- Toegepaste Plantfisiologie 12487-464
- Voedselwetenskap 21210-144
- Voedselwetenskap 21210-244
- Genetika 13285-245
- Genetika 13285-345
- Hortologie 39632-352
- Hortologie 39632-342
- Wynkunde 33103-344
- Wynkunde 33103-444
- Wynkunde 33103-454
- Plantpatologie 32891-344
- Plantpatologie 32891-444
- Grondkunde 14176-244
- Grondkunde 14176-344
- Wingerdkunde 33081-454

Verandering van inligting oor assessering in die Jaarboek gepubliseer

Die inligting oor die assessering van die volgende modules wat in die Jaarboek gepubliseer is of oorspronklik aan studente gekommunikeer is, word as volg aangepas:

| Modulenaam | Gewysigde assesseringsinligting |
|--------------------------------------|---|
| Toegepaste Plantfisiologie 12487-464 | Berekening van prestasiepunt volgens nuwe buigsame assesseringsstruktuur: Toets 1 (10%) + Toets 2 (25%) + Toets 3 (15%) + 2 take (25% + 25%). Toetse sal aanlyn assesserings op SUNLearn wees. Alle assesserings is oopboek. Take sal ook op SUNLearn gelaai word. |
| Gewasproduksie 14052-151 | Klasbywoning sal nie meer deel van die berekening van die prestasiepunt vorm nie, maar studente sal gevra word om kort besinnings oor spesifieke onderwerpe of video-uittreksels te skryf. Die berekening van die prestasiepunt is dus: Opstel (60%) + Cmap (20%) + Besinning (10%) + Digitale/Kreatiewe projek (10%). Alle assesserings is eenvoudige take wat op SUNLearn ingelewer word. Studente kan enige hulpbronne tot |

| Modulenaam | Gewysigde assesseringsinligting |
|--------------------------------------|---|
| | <p>hul beskikking gebruik. Hulpbronne wat hulle bewus maak van plagiaat sal aan die begin van die module aan hulle beskikbaar gestel word en met hulle bespreek word.</p> <p>Voor Covid-19 het klasbywoning en kort besinnings wat aan die einde van elke klas geskryf is 20% van die moduleprestasiestipendium gevorm, wat nie in die huidige Covid-19-beperkings moontlik is nie. Die 20% is gevolglik in twee bykomende take verdeel wat elkeen 10% van die prestasiestipendium tel.</p> |
| Gewasproduksie 14052-152 | <p>Hierdie module word 50:50 tussen die Departement Wingerd- en Wynkunde en die Departement Hortologie gedeel. Die prestasiestipendium word as volg bereken:</p> <p>Plantmorfologie-afdeling (50% van moduleprestasiestipendium) verdeel in: Aanlyn toets (60%) + Digitale reis-projek (30%) + Aanlyn vasvra(e) (10%). Die toets sal aanlyn op SUNLearn afgeleë word en sal 'n oopboektoets wees. Projekte sal as take op SUNLearn ingelewer word.</p> <p>Plantklassifikasie en plantgroeireguleerders-afdeling (50% van moduleprestasiestipendium) verdeel in: Aanlyn toets (60%) + Digitale plakkaat-projek (30%) + Aanlyn vasvra(e) (10%). Die toets sal aanlyn op SUNLearn afgeleë word en sal 'n oopboektoets wees. Projekte sal as take op SUNLearn ingelewer word.</p> |
| Voedselwetenskap 21210-488 | Die assesseringstipe vir die module bly eksamenassessering, maar die drieur-eksamen sal nou 'n aanlyn eksamen word. |
| Wingerd- en Wynwetenskappe 13710-142 | Daar sal geen praktiese assesseringspunt vir hierdie module wees nie en die twee take oor inhoud in wingerd- en wynwetenskappe sal elk 50% tot die prestasiestipendium bydra. |
| Hortologie 39632-342 | Berekening van prestasiestipendium volgens die nuwe buigsame assesseringstruktuur: Toets 1 (25%) + Toets 2 (25%) + Toets 3 (50%). Toetse sal aanlyn assesserings op SUNLearn wees. Alle assesserings sal oopboek wees. |
| Hortologie 39632-352 | Berekening van prestasiestipendium volgens die nuwe buigsame assesseringstruktuur: Toets 1 (40%) + Toets 2 (40%) + Cmap (20%). Toets 1 en Toets 2 sal aanlyn assesserings op SUNLearn wees. Alle assesserings sal oopboek wees. |
| Hortologie 39632-362 | Berekening van prestasiestipendium volgens die nuwe buigsame assesseringstruktuur: Toets 1 (30%) + Toets 2 (35%) + Toets 3 (35%). Toetse sal aanlyn assesserings op SUNLearn wees. Alle assesserings sal oopboek wees. |

| Modulenaam | Gewysigde assesseringsinligting |
|--------------------------|--|
| Hortologie 39632-444 | Berekening van prestasiepunt volgens die nuwe buigsame assesseringstruktuur: Toets 1 (25%) + Toets 2 (20%) + Toets 3 (15%) + Toets 4 (25%) + Projek (15%). Toetse sal aanlyn assesserings op SUNLearn wees. Alle assesserings sal oopboek wees. Die projekte is in die eerste kwartaal uitgedeel en studente het 'n literatuurstudie oor die onderwerp gedoen, wat in die eerste kwartaal ingelewer is. In gevalle waar studente weens die grendeltyd nie data kon insamel nie, sal datastelle vir hul projek aan hulle verskaf word ten einde 'n projekverslag te kan saamstel. |
| Wynkunde 33103-344 | 'n Taak sal oor elkeen van die drie submodules gedoen word. Die praktiese punt vir herhalers sal gebruik word, aangesien almal geslaag het. Studente wat nog nie die module gedoen het nie, sal 'n praktiese taak moet voltooi. Elke taak tel 25% tot die totale punt. |
| Wynkunde 33103-444 | Kursuswerk-evaluering word as volg beplan: 4 vasvrae: 5% elk = 20% 3 take: 20% elk = 60% Praktiese verslag: 20% |
| Wynkunde 33103-454 | Evaluering sal verander na Vasvra 1: 30% van klaspunt, Vasvra 2: 20% van klaspunt, Vasvra 3: 20% van klaspunt, Praktiese eksamen: 15% van klaspunt, Praktiese verslae: 15% van klaspunt |
| Plantpatologie 32891-344 | Die toets in A2 sal 'n eenuur-toets wees. |
| Plantpatologie 32891-444 | Die toets in A2 sal 'n eenuur-toets wees. |
| Grondkunde 14176-244 | Die finale toets sal 'n tweeuur-toets wees, en nie drie uur soos in die Jaarboek aangetoon nie. |
| Grondkunde 14176-344 | Die finale toets sal 'n tweeuur-toets wees, en nie drie uur soos in die Jaarboek aangetoon nie. |
| Wingerdkunde 33081-454 | Kursuswerk-evaluering word as volg beplan: 5 vasvrae: 5% elk = 25% 3 take: 25% elk = 75% |

Module-inhoud

Veranderinge aan module-inhoud was nodig vir die volgende modules weens die huidige nood-afstandsonderrig.

Biometrie 11061-242

Praktiese toepassings in Microsoft Excel en XLSTAT sal verwyder word.

Uitsette van die ontledings sal in die kursusmateriaal gevoeg word om studente met die interpretasie van resultate vertrouwd te maak. Videomateriaal met instruksies in XLSTAT van vorige jare sal vir selfstudie beskikbaar gestel word, maar sal nie vir assessering gebruik word nie.

Wingerd- en Wynwetenskappe 13710-142

Wingerd-veldbesoeke en basiese wyn- sensoriese opleiding is tans nie moontlik nie / sal nie aangebied word nie.

Wingerdwetenskappe 13872-244

Sekere praktiese aspekte sal deur video's of potgooie in aanlyn materiaal omskep word. As studente wel in die vierde kwartaal kan terugkeer, sal slegs die noodsaaklike praktika geskeduleer word.

Wingerdwetenskappe 13872-344

Wintersnoeiing sal nie in die normale tyd (Julie/Augustus) kan plaasvind nie. Dit kan moontlik laat in September plaasvind, of as alternatief sal die onderwerp as 'n aanlyn werkswinkel aangebied word.

Wynkunde 33103-344

Die kursus sal volledig aanlyn wees en praktika sal dus in die vorm van gevallestudies of datastelle wees wat geïnterpreteer moet word.

Wynkunde 33103-454

Sekere praktika sal dalk verkort moet word om die tyd te beperk wat studente saam tydens praktika deurbring.

Wynkunde 33103-478

Na gelang van studente se terugkeer na die kampus en die moontlikheid van sensoriese wynproe vir die navorsingsprojek, sal hierdie aspek moontlik nie by die finale verslag ingesluit word nie. Studente behoort genoeg ander data in die projek in te samel om 'n verslag te skryf wat geassesseer kan word.

Plantpatologie 32891-478

Die finalejaar- praktiese projek verander na 'n omvattende literatuuroorsig weens die gebrek aan toegang tot laboratoriums vir die uitvoer van 'n volledige praktiese projek. Die literatuuroorsig sal verseker dat die studente vertrouwd is met die navorsing wat oor die onderwerp gedoen is.

Grondkunde 14176-244

Daar sal nie van studente verwag word om praktiese ekstraksies te doen om voedingstofinhoud te bepaal nie, maar hulle sal van ontledingsresultate voorsien word.

Grondkunde 14176-344

Daar sal nie van studente verwag word om laboratoriumpraktika te doen om fisiese eienskappe te bepaal nie, maar hulle sal wel aanlyn tutoriale doen.

Wingerdkunde 33081-444

Wintersnoeiing sal nie in die normale tyd (Julie/Augustus) kan plaasvind nie. Dit kan moontlik laat in September plaasvind, of as alternatief sal die onderwerp as 'n aanlyn werkswinkel aangebied word.

Wingerdkunde 33081-454

Veldbesoeke sal na gelang van studente se terugkeer na die kampus plaasvind. Indien hierdie besoeke nie moontlik is nie, sal die onderwerpe in aanlyn tutoriale en praktiese aktiwiteite gedek word.

Wynwetenskappe 13890-244

Sensoriese opleiding: Geen veranderinge aan enige module-uitkomst of -inhoud nie – dit sal óf direk plaasvind, indien studente mag terugkeer na die kampus, óf aanlyn indien hulle nie mag terugkeer nie.

Diensleer: Indien studente nie mag terugkeer na die kampus nie en proekamers/alkoholverkope beperk word, sal 'n alternatief vir diensleer in die bedryf nodig wees. Studente kan egter vir selfs net 'n paar dae in die vierde kwartaal in 'n diensomgewing geplaas word, dus sal dit nie nodig wees om die leweringsmodus vir hierdie komponent te verander nie. Die uitkomst sal dieselfde bly, maar sal op 'n ander manier gelewer en geëvalueer word indien die studente nie toegelaat word om in die bedryf te werk nie.

Wynwetenskappe 13890-344

Sekere bedryfsbesoeke sal nie moontlik wees nie en studente se terugkeer in die vierde kwartaal sal bepaal of sensoriese evaluering kan voortgaan; indien nie sal 'n aanlyn plaasvervanging voorberei word.

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme

Die volgende veranderinge aan die samestelling van programme wat deur die Fakulteit aangebied word, is weens aanlyn onderrig, leer en assessering noodsaaklik:

Nagraadse programme

Honneursprogramme

HonsBCom (Ekonomie)

Die keusemodule Internasionale Handelsteorie en -beleid 10555-771 sal nie in 2020 aangebied word nie.

HonsBCom (Ekonomie en Wiskundige Statistiek)

Die keusemodule Internasionale Handelsteorie en -beleid 10555-771 sal nie in 2020 aangebied word nie.

Magisterprogramme

MCom (Ekonomie)

Die keusemodule Toegepaste Makro-ekonomie III 11146-871 sal nie in 2020 aangebied word nie.

MCom (Rekenaarouditering)

Die program bestaan uit maandelikse aanlyn lesings en twee direkte bloklesings. Die doseerde module sou met twee finale lokaalassesserings afgesluit word. Weens die Covid-19-reisbeperkings (’n groot komponent van die studentekohort is internasionale studente) is hierdie bloklesings met intydse aanlyn lesings en potgooie vervang, en die finale assessering sal in die vorm van ’n tuisaak met dieselfde uitkomst, tyd en punte wees as wat die geval sou wees as dit ’n lokaalassessering was. Alle ander take bly onveranderd.

Groot veranderinge aan individuele modules

Assessering

Verandering van inligting oor assessering in die Jaarboek gepubliseer

Die inligting oor die assessering van die volgende modules wat in die Jaarboek gepubliseer is of oorspronklik aan studente gekommunikeer is, word as volg aangepas:

| Modulenaam | Gewysigde assesseringsinligting |
|--|--|
| Openbare en Ontwikkelingsbestuur 48003-252 | A1 sal verander van ’n skriftelike toets na ’n individuele skriftelike taak. A2 bly ’n skriftelike eksamen onder toesig en is vir November geskeduleer. A3 bied aan studente die geleentheid om die verbeurde uitkomst te demonstreer (dus óf inlewering van die taak A1 óf skryf van die eksamen A2). |
| Volhoubare Ontwerp 1 13763-171 | VAS: Gewig bly 20%. Taakopdrag aangepas om meer op permakultuur-teorie te fokus. Verander na aanlyn inlewering. |
| Kompleksiteit, Ekologie en Bestaan 13779-171 | VAS: Gewig bly 20%. Groepaanbieding verander na aanlyn groepinlewering. |
| Inleiding tot Entrepreneurskap 13792-171 | VAS2: Gewig bly 10%. Verander van persoonlike aanbieding na aanlyn inlewering. |

| Modulenaam | Gewysigde assesseringsinligting |
|---|---|
| | A2S2: Gewig bly 20%. Verander van persoonlike aanbieding na aanlyn inlewering. |
| Sosiale Impak en Betrokkenheid 13796-271 | A2: Gewig bly 40%. Verander van groeпаanbieding na potgooi-projek. |
| Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap 13785-271 | VAS2: Gewig bly 10%. Verander van persoonlike aanbieding na aanlyn inlewering. |
| Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap 13785-371 | VAS2: Gewig bly 10%. Verander van persoonlike aanbieding na aanlyn inlewering. |
| Sosiale Entrepreneurskap 13786-371 | VAS: Gewig bly 20%. Verander van persoonlike groeпаanbieding na individuele aanlyn inlewering. |
| Ontwikkeling van Volhoubare Stede 13782-371 | VAS: Bydrae tot prestasiepunt bly 20%. Drie aanlyn tutoriale, 10% elk. Beste twee punte tel 20%. |
| Mentorskap en Fasilitering 13780-371 | VAS: Bydrae tot prestasiepunt bly 20%. Twee bykomende aanlyn assesserings, 10% elk. Beste twee punte tel 20%. |
| Finansiële Rekeningkunde 26883-379 | 'n VAS is tans as 'n lokaalassessering vir die derde kwartaal geskeduleer. Die eerste VAS is in die eerste kwartaal geskryf en die beste van die twee sal 5% tot studente se prestasiepunt tel. In plaas van 'n direkte lokaalassessering sal hierdie assessering met 'n SUNLearn-vasvra vervang word. Die punte sal van 25 punte na 15 punte verander. Die datums soos gekommunikeer in die bylaag tot die Moduleraamwerk sal ook verander word. |
| Risiko- en Inligtingsbestuur 10680-784 | Alle drieur-assesserings (bv. eerste en tweede eksamenengeleenthede) word 90 punte elk. |
| Strategiese Bestuursrekeningkunde 10710-783 | Alle drieur-assesserings (bv. eerste en tweede eksamenengeleenthede) word 90 punte elk. |
| Strategiese Finansiële Bestuur 10712-782 | Alle drieur-assesserings (bv. eerste en tweede eksamenengeleenthede) word 90 punte elk. |
| Menslikehulpbronbestuur 10553-144 | VAS verander na twee aanlyn vasvrae – 20%. |
| Ergonomika 10553-262 | VAS-onderhoud gekanselleer. |

Module-inhoud

Veranderinge aan module-inhoud was nodig vir die volgende modules weens die huidige nood-afstandsonderrig.

Volhoubare Ontwerp 13763-171

Permakultuur-teorie sal behandel word, maar geen praktiese komponent sal ingesluit word nie. 'n Basiese praktiese inleiding tot permakultuur is tydens oriëntering behandel.

Sosiale Impak en Betrokkenheid 13796-271

Die praktiese komponente (projek oor sosiale betrokkenheid met internasionale studente by 'n plaaslike skool) val weg en word met bykomende gevallestudie-sessies en 'n groep-potgooiprojek vervang.

FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme

Die volgende veranderinge aan die samestelling van programme wat deur die Fakulteit aangebied word, is weens aanlyn onderrig, leer en assessering noodsaaklik:

Voorgraadse programme

BSc Fisioterapie

Kliniese rotasies

Die oorblywende kliniese rotasies en kliniese assessering vir die volgende modules is vir die tweede semester herskeduleer:

- 52191-374 Kliniese Fisioterapie
- 52191-474 Kliniese Fisioterapie

Praktiese opleiding

Die oorblywende praktiese opleiding en assesserings vir die volgende modules is vir die tweede semester herskeduleer:

- 52159-373 Toegepaste Fisioterapie
- 52159-473 Toegepaste Fisioterapie

Weens die verlenging van die grendeltydperk en omdat die BScFisio II-studente nie in die tweede semester na die kampus kan terugkeer nie is die oorblywende praktiese opleiding en assesserings vir die volgende modules vir die eerste semester van 2021 herskeduleer:

- 52140-272 Fisioterapie-wetenskap

Teorie

Teoretiese leeraktiwiteite en assesserings sal aanlyn voortgaan.

Die volgende modules sal in die tweede semester van 2020 aan die BScFisio II-kohort gelewer word:

- 47813-312 Patologie (AGB)
- 47813-334 Patologie (AGB)

| Veranderinge aan die BScFisio II-skedule vir 2020 | | | | |
|---|--------------------------|----------------------------|-----------------------------------|-------------------------------------|
| Module | Verskuif van | Verskuif na | Inhoud | Assessering |
| Fisioterapie-wetenskap 272 (20 van 75 krediete) | April tot Oktober 2020 | Januarie tot Maart 2021 | Praktiese en kliniese vaardighede | Bly OSPE/OSCE |
| Patologie 334 (8) | Februarie tot Julie 2021 | Augustus tot November 2020 | Teorie | Bly aanlyn (teoretiese) assessering |
| Patologie 312 (2) | Februarie tot Julie 2021 | Augustus tot November 2020 | Teorie | Bly aanlyn (teoretiese) assessering |

BSc (Spraak-Taal- en Gehoortherapie)

Vir 2020 sal 12 van die 24 krediete vir die module Gevorderde Seminare (4622-478) vir BST en GT IV verskuif word na die derde jaar (BST en GT III). Onderrig van hierdie module-inhoud sal van 14 tot 17 Julie en 27 Julie tot 7 Augustus plaasvind. Onderrig sal deur SUNLearn plaasvind. Assessering van die inhoud sal nie van die normale (prepandemiese) assesseringsmetode verskil nie.

Die assesseringsdatums en -metodes sal as volg wees:

| Jaar | Module | Datum | Asseseringsmetode |
|---------------|-------------------------|-------------|----------------------------|
| BST en GT III | Gevorderde Seminare 478 | 17 Julie | Taak op SUNLearn ingelewer |
| | | 31 Julie | Taak op SUNLearn ingelewer |
| | | 10 Augustus | Taak op SUNLearn ingelewer |

Die 12 krediete wat na die derde jaargang verskuif, stem ooreen met die onderstreepte teks van die huidige SH 478-modulebeskrywing in die Jaarboek:

478 (24) Gevorderde Seminare in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (3L, 1T)

- Nuwe teorieë en navorsing in spraak-taaltherapie.
- Professionele etiek en die reg.
- Sekondêre beroepsfunksies, bv. die spraak-taalterapeut as konsultant in publieke, nieregering- en privaat sektore; medies-geregtelike praktyk in spraak-taaltherapie; onderrig en opleiding van ander beroepslui; bestuursfunksies: beplanning, organisasie, implementering en monitering; bronnebeheer: personeel, finansies, tegnies, toerusting.
- Gevorderde teorieë en navorsing in spraak-taal- en gehoortherapie; toepassing in die Suid-Afrikaanse konteks, veral op die gebied van vroeë kommunikasie-intervensie (VKI); kop- en nekkanker; stemtherapie.
- Tegnologiese ontwikkelinge in interventie en rehabilitasie.
- Konsepte, beleide en wetgewing wat verband hou met gestremdheidstudies, met inbegrip van die sosiale, mediese en bio-psigososiale modelle van gestremdheid.

MBChB

Weens die beperkings op die kliniese opleidingsplatform tydens die Covid-19-pandemie is die meeste kliniese rotasies na 2021 verskuif, terwyl sommige teoretiese modules verskuif is om hierdie kliniese rotasies in 2020 te vervang.

Die hersiene akademiese Jaarboek vir die MBChB-program is vir 2020, 2021 en 2022 beskikbaar.

Modules is as volg herskeduleer:

MBChB III

Verpligte modules

| | |
|---|--------------------|
| Neurowetenskappe | 371(30) |
| Muskuloskeletale Sisteem | 371(30) |
| Hematologiese Sisteem | 371(20) |
| Beginsels van Palliatiewe Sorg | 371(5) |
| Vroeë Kliniese Rotasies | 371(67) |
| Die Vel | 471(10) |
| Geregtelike Geneeskunde | 471(10) |
| Dokter as Agent van Verandering in Gemeenskappe | 511(25) |

Vroeë Kliniese Rotasies 371 sal in 2021 in MBChB IV voltooi word.

MBChB IV

Verpligte modules

| | |
|-----------------------------------|---------|
| Infeksies en Kliniese Immunologie | 471(20) |
|-----------------------------------|---------|

| | |
|---------------------------|---------|
| Die Vel | 471(10) |
| Kliniese Farmakologie | 471(15) |
| Geregtelike Geneeskunde | 471(10) |
| Middel- Kliniese Rotasies | 471(62) |

Voortsettingsmodule

| | |
|-----------|---------|
| Elektief | 441(20) |
| Elektief* | 541(20) |

* Hierdie elektief kan vooruit in 2020 in MBChB IV geneem word.

MBChB V

Verpligte modules

| | |
|---|--|
| Kliniese Farmakologie | 511(15) |
| Dokter as Agent van Verandering in Gemeenskappe | 511(25) |
| Etiek | 511(10) (<i>attendance compulsory</i>) |
| Elektief | 541(20) |
| Middel- Kliniese Rotasies | 511(62) |

Voortsettingsmodule

| | |
|-------------------------|---------|
| Laat- Kliniese Rotasies | 541(45) |
|-------------------------|---------|

MBChB VI

Verpligte modules

| | |
|-------------------------|----------|
| Laat- Kliniese Rotasies | 678(150) |
|-------------------------|----------|

Let asseblief op die gewysigde eksamen- en bevorderingsvoorwaardes weens die Covid-19-pandemie.

Toegang tot FGGW voorgraadse eksamens vir eksamen-geassesseerde modules in reaksie op die Covid-19-pandemie sal as volg wees:

1. Alle studente het toegang tot die eerste eksamengeleentheid vir alle eksamen-geassesseerde modules, ongeag hul klaspunt. Vir kliniese/praktiese modules word toegang tot die eerste eksamen deur die bereiking van minimum vereistes vir kliniese opleidingsvaardighede bepaal, soos in die toepaslike moduleraamwerk uiteengesit.
2. Ná die eerste eksamen word die prestasiepunt bereken deur die klaspunt en die eksamenpunt te gebruik, soos uiteengesit in die [US Algemene Jaarboek \(Deel 1\)](#) onder "Toekenning van prestasiepunte" (bl. 126–127).
3. As 'n student die eerste eksamengeleentheid sak, kwalifiseer hy/sy vir herevaluering.
4. Die student moet 'n herevalueringspunt van minstens 50% behaal om die module te slaag.
5. Die prestasiepunt ná die herevalueringseksamen sal nie meer as 50% wees nie.
6. As 'n student die herevaluering sak, sal hy/sy toegang tot 'n spesiale eksamen in Januarie 2021 hê.
7. Studente wat nie aan die eerste eksamengeleentheid kan deelneem nie (met goedgekeurde en gemotiveerde verlof, insluitende redes verbonde aan Covid-19) mag die herevaluering as hul eerste eksamengeleentheid gebruik en die spesiale eksamengeleentheid word hul laaste en finale geleentheid om die module(s) te slaag.
8. As 'n student meer as een eksamen-geassesseerde module agterstallig is, sal hy/sy toegelaat word om 'n spesiale eksamen in Januarie 2021 in elk van die toepaslike modules te skryf.
9. Die student moet 'n spesiale eksamenpunt van ten minste 50% behaal om die module te slaag.
10. Die prestasiepunt ná die spesiale eksamen sal nie meer as 50% wees nie.
11. As 'n student die spesiale eksamen sak, sak hy/sy die module en moet die module in 2021 van voor af herhaal.
12. Hier onder is die eksamen- en bevorderingsvoorwaardes soos op elke jaargang van die program van toepassing.

MBChB I

1. Promosie

- a) Jy moet al die modules van die eerste jaar slaag om na MBChB II bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n prestasiepunt van minstens 50% moet behaal.

- b) Die skriftelike eksamen wat oor alle modules van die eerste semester handel, moet tydens die eksamengeleentheid aan die einde van die eerste semester afgelê word. Die enigste uitsonderings is die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111, wat buigsaam geassesseer word.
- c) Jy sal 'n aanvullende eksamen vir Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang 111 en/of Chemie vir Gesondheidswetenskappe 111 kan skryf as jy nie 'n slaagpunt van 50% in die eksamens behaal nie. Die aanvullingseksamen sal in Julie 2020 geskryf word.

2. Herevaluering

Herevaluering geld vir alle modules van die eerste jaar, behalwe vir die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111. Vir meer inligting oor die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111, sien die paragraaf "Herassessering in die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111" hier onder. Alle herevaluerings sal skriftelik geskied en direk ná die eksamentydsperk afgeneem word. Hierdie herevaluerings sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die prestasiepunte plaasvind nie. Jy moet minstens 50% in die herevaluering behaal om die module te slaag. Jou uiteindelijke prestasiepunt ná die herevaluering sal nie laer as die oorspronklike prestasiepunt wees nie, maar dit sal ook nie meer as 50% wees nie.

3. Herassessering in die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111

'n Stelsel van buigsame assessering word in die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111 gevolg. Indien jy minder as 40% vir 'n assesseringsgeleentheid in die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 en Gesondheid in Konteks 111 behaal, sal jy 'n herassesseringsgeleentheid direk ná die toetsperiode gebied word. Hierdie herassesseringsgeleentheid sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die toetspunt plaasvind nie. Indien jy 40% tot 49% in die oorspronklike assesseringsgeleentheid behaal het, het jy ook die keuse om van die herassesseringsgeleentheid gebruik te maak om jou punt te verbeter. Die punt ná herassessering sal nie laer wees as die oorspronklike punt nie, maar sal ook nie hoër as 50% wees nie. Jy moet minstens 40% ná elke herassessering behaal om uiteindelik die module as geheel te slaag op die voorwaarde dat jou gemiddelde prestasiepunt vir die module in geheel minstens 50% moet wees.

4. Agterstallige krediete

- a) Indien jy aan die einde van die aanvullende eksamens in Julie modules agterstallig is, sal jy in Januarie 2021 spesiale eksamens in daardie modules mag skryf. Jy 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om die modules te slaag. Jou prestasiepunt ná die spesiale eksamen sal nie laer wees as die oorspronklike punt nie, maar sal ook nie hoër as 50% wees nie. Spesiale eksamens word nie toegestaan indien jy die modules Persoonlike en Professionele Ontwikkeling 111 of Gesondheid in Konteks 111 agterstallig is nie. Soos reeds by die vorige paragraaf genoem, word hierdie modules by wyse van buigsame assessering geassesseer.
- b) Indien jy aan die einde van die tweede semester en ná die aanvullende eksamens tweedesemestermodules agterstallig is, sal 'n spesiale eksamen in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die Januarie-eksamen te slaag. Jou prestasiepunt ná die spesiale eksamen sal nie laer wees as die oorspronklike punt nie, maar dit sal ook nie hoër as 50% wees nie.

5. Herhaling van die eerstejaarsprogram

As jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, sal jy toegelaat word om MBChB I in 2021 te herhaal.

6. Om MBChB II-modules vooruit te neem

Indien jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, maar jy het alle modules van die eerste semester van MBChB I geslaag het en 'n minimum prestasiepunt van 40% vir Basis van Siekteprosesse 141 en Beginsels van Terapie 141 behaal het, sal jy toegelaat word om modules van die eerste semester van MBChB II vooruit te neem. Indien jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, maar jy het wel Basis van Siekteprosesse 141 en Beginsels van Terapie 141 geslaag, sal jy toegelaat word om modules van die tweede semester van MBChB II vooruit te neem met die uitsondering van Inleiding tot Kliniese Geneeskunde 271, wat nie vooruit geneem kan word nie.

MBChB II

1. Promosie

Jy moet al die modules van die tweede jaar slaag om na MBChB III bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n prestasiepunt van minstens 50% moet behaal. Hierdie prestasiepunt sal óf deur eksamenassessering óf 'n klaspunt bepaal word in die geval van modules wat 'n eksamenverystellings- of buigsame assesseringsbenadering weens bepalinge verbonde aan Covid-19 volg.

2. Aanvullende eksamens

As jy enige modules sak waarin jy nie 'n prestasiepunt van ten minste 50% behaal het nie, sal jy vir herevaluering in hierdie modules kwalifiseer. As jy nie 'n 50%-slaagpunt in die aanvullende eksamens in enige modules behaal nie, sal jy spesiale eksamens in Januarie van die daaropvolgende jaar in alle agterstallige modules mag skryf. Jy benodig 'n eksamenpunt van minstens 50% om 'n module te slaag. Slegs die eksamenpunt van die aanvullende eksamen sal in ag geneem word by die berekening van die prestasiepunt van die module tensy die punt vir die aanvullende eksamen swakker is as vir die oorspronklike eksamenpunt. In daardie geval sal die oorspronklike eksamenpunt gebruik word. Die toegekende prestasiepunt sal nie hoër as 50% wees nie.

3. Herhaling van jaarprogram

Indien jy nie na MBChB III bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van MBChB II herhaal en opnuut 'n prestasiepunt behaal.

4. Om MBChB III-modules vooruit te neem

Indien jy nie na MBChB III bevorder kan word nie, sal jy modules van MBChB III vooruit kan neem. Jy kan dit slegs doen op voorwaarde dat daar geen oorvleueling plaasvind met MBChB II-modules, insluitende toets- en/of eksamendatum, wat jy moet herhaal nie. Jy mag in die tweede semester slegs 'n maksimum van twee MBChB II-modules herhaal. Die kliniese rotasies van MBChB III kan nie vooruit geneem word nie.

MBChB III, MBChB IV en eerste semester van MBChB V

Let op: Indien jy laat opdaag vir 'n kliniese eksamen, of glad nie opdaag nie, sonder 'n aanvaarbare rede of verskoning, sak jy daardie eksamen.

1. Promosie

- a) Jy moet 'n prestasiepunt van minstens 50% in elke module van elke jaargang behaal om na die volgende jaargang van die program bevorder te word.
 - i) In die geval van elektiewe modules sal jy, indien jy slegs een elektiewe module agterstallig is, die 200 uur wat vir die module vereis word aan die einde van MBChB V (in die vakansietyd) of in jou vrye tyd moet herhaal.
 - ii) Indien jy die elektiewe module by meer as een geleentheid sak, of aan die einde van MBChB V albei die elektiewe modules agterstallig is, sal jy nie na MBChB VI bevorder kan word nie en moet jy die elektiewe module(s) herhaal.
- b) Jy moet in elk van die domeine van die Vroeë en Middel- Kliniese Rotasies 'n buigsame assesseringspunt van minstens 50% behaal om na die volgende jaargang of fase (in die geval van die tweede semester van MBChB V) bevorder te word. Raadpleeg uitsonderings by viii) en ix) hier onder.
 - i) Indien jy nie 'n buigsame assesseringspunt van minstens 50% in enige van die domeine van hierdie kliniese rotasie(s) behaal nie, sal jy 'n herevaluering oor daardie domein(e) moet aflê. Jy moet 'n punt van minstens 50% in hierdie herevaluering(s) behaal om na die volgende jaargang/fase bevorder te word. Raadpleeg uitsonderings by viii) en ix) hier onder.
 - ii) Indien jy, sonder geldige verskoning, versuim om alle verpligtinge wat met 'n kliniese rotasie verband hou te voltooi wanneer die rotasie ten einde loop, sal jy 'n onvoltooid vir daardie rotasie kry. Jy sal dan ook die betrokke rotasie moet herhaal om na die volgende jaargang of fase van die program bevorder te kan word.
 - iii) Indien jy weens geldige en aanvaarbare redes nie aan die eerste assesserings- of herassesseringsgeleentheid in 'n klinieserotasiedomein deelneem nie, moet jy aan die volgende assesserings- of herassesseringsgeleentheid vir daardie domein deelneem (saam met die groep wat aan die volgende rotasie in daardie domein deelneem). Indien jy sonder 'n geldige en aanvaarbare rede nalaat om dit te doen, kan jy sodanige domein sak.
 - iv) Die Noodgeneeskunde-domein word beskou as een van die klinieserotasiedomeine van die module Middel-Kliniese Rotasies 511.

- Assessering van die domein behels 'n skriftelike assessering en 'n portefeulje. Die skriftelike assessering word aan die einde van die Noodgeneeskunde-blok in MBChB IV afgeneem. Jy moet die portefeulje ook aan die einde van die eerste semester van MBChB V inlewer.
 - Albei hierdie assesserings dra by tot jou domeinpunt, wat op 'n geweegde wyse saam met die punte van al die ander domeine van MBChB V (eerste semester) bereken word vir die bepaling van die prestasiepunt van die Middel- Kliniese Rotasies 511-module.
 - Jy moet 'n domeinpunt van minstens 50% behaal om na die module in LaatKliniese Rotasies in die tweede semester van MBChB V bevorder te word.
 - Indien jy 'n domeinpunt van minder as 50% vir die Noodgeneeskunde-domein behaal, sal jy vir 'n herevaluering kwalifiseer. Jy moet 'n punt van minstens 50% in die herevaluering behaal om die domein te slaag. Die punt ná herevaluering sal nie meer as 50% wees nie.
 - Indien jy ook die herevaluering sak deur 'n punt van minder as 50% te behaal, moet jy tydens die Augustus-vakansie van MBChB V 'n kliniese Noodgeneeskunde-verwante elektief neem om enige probleemareas te hanteer. 'n Spesiale eksamen in Noodgeneeskunde volg kort nadat die elektief voltooi is. Jy moet 'n punt van minstens 50% in die spesiale eksamen behaal om die domein te slaag. Die punt toegeken in die spesiale eksamen sal nie meer as 50% wees nie.
- v) Die bepalings by vi) en vii) hier onder geld in die volgende omstandighede:
- Aan die einde van MBChB III, MBChB IV en die eerste semester van MBChB V;
 - Ná herevaluering;
 - Indien jy nie meer as een domein van vier weke lank agterstallig is nie, of nie meer as twee domeine van twee weke elk nie; en
 - Indien jy al die betrokke teoretiese modules en die kliniese vaardigheidsassessering geslaag het, asook die Noodgeneeskunde-assessering in die geval van die eerste semester van MBChB V.
- vi) In die omstandighede hier bo genoem, geld die volgende bepalings:
- In die geval van MBChB IV, sal jy toegelaat word om te vorder na MBChB V en om die rotasie(s) in die betrokke domein(e) in die tydperk vir Elektiewe Module 541 te herhaal (en sodoende 'n nuwe buigsame assesseringspunt te behaal). Dit beteken jy sal die elektiewe module aan die einde van die jaar in die vakansie moet afhandel.
 - In die geval van die eerste semester van MBChB V, sal jy al die agterstallige middel- kliniese rotasies moet slaag voordat jy toegelaat word om na die laat- kliniese rotasies in die tweede semester van MBChB V te vorder.
- vii) Die bepaling vi) hier bo geld domeine wat jy ná herevaluering gesak het. As jy weer 'n punt van minder as 50% ná herevaluering in een of meer van die agterstallige domeine behaal, sak jy die betrokke klinieserotasiemodule vir die tweede keer en geld die volgende stipulasies:
- Indien jy 'n MBChB III-student is, moet jy al die vroeë kliniese rotasies van MBChB III in die daaropvolgende jaar herhaal en 'n nuwe buigsame assesseringspunt vir al die rotasies behaal.
 - Indien jy 'n MBChB IV-student is, sal jy na die eerste semester van MBChB V bevorder word en moet jy die agterstallige middel- kliniese rotasie in die elektiewe periode herhaal. Jy mag eers na die laat fase vorder ná suksesvolle voltooiing van jou middel- kliniese rotasies, behalwe vir jou elektief, wat jy moet voltooi soos hier bo gestipuleer.
 - Indien jy in die eerste semester van MBChB V is, moet jy aansoek doen om hertoelating tot die program. Indien jy hertoegelaat word, moet jy die agterstallige kliniese rotasie in die tweede semester van MBChB V herhaal.

2. Agterstallige krediete

- a) 'n Stelsel van aanvullende skriftelike eksamens geld vir agterstallige modules van MBChB III, MBChB IV en die eerste semester van MBChB V, en geen herevaluering sal plaasvind nie.
- Indien jy aan die einde van MBChB III, MBChB IV of die eerste semester van MBChB V enige teoretiese module(s) agterstallig is, sal 'n aanvullende eksamen in Desember 2020 toegestaan word. As jy steeds ná die aanvullende eksamens modules agterstallig is, sal jy in Januarie 2021 spesiale eksamens kan skryf in enige modules wat jy agterstallig is.
 - Jy benodig 'n eksamenpunt van minstens 50% om 'n module in die spesiale eksamen te slaag.
 - Slegs die eksamenpunt van die aanvullende eksamen sal gebruik word by die berekening van die prestasiepunt vir die module, tensy die punt vir die aanvullende eksamen swakker is as vir die oorspronklike punt.

- In die geval waar die aanvullende eksamen se punt laer is, sal die oorspronklike eksamen se punt gebruik word.
 - Jou prestasiepunt sal nie meer as 50% vir die aanvullende eksamen wees nie.
 - Indien jy slegs die Hematologiese Sisteem 371-module en/of die Beginsels van Palliatiewe Sorg 371-module agterstallig is, maar alle ander teoriemodules van MBChB III én die Vroeë Kliniese Rotasies 371-module geslaag het, sal jy toegelaat word om in die daaropvolgende jaar na MBChB IV te vorder. Jy sal egter die Hematologiese Sisteem 371-module en/of die Beginsels van Palliatiewe Sorg 371-module saam met die MBChB III-studente moet herhaal wanneer die MBChB IV-studente die ooreenstemmende middel- kliniese rotasie doen. Indien dit die enigste agterstallig rotasie is ná voltooiing van MBChB IV en jy al die teoretiese modules van MBChB IV geslaag het, sal jy toegelaat word om na MBChB V in die daaropvolgende jaar te vorder ingevolge die bepalings by ix) onder “Promosie” hier bo.
- b) Indien jy aan die einde van MBChB IV die Middel- Kliniese Rotasies 471-module geslaag het en slegs een teoretiese module van die eerste semester agterstallig is, sal jy toegelaat word om in die daaropvolgende jaar na die eerste semester van MBChB V bevorder te word.
- Jy mag vir al die teoretiese modules en die Middel- Kliniese Rotasies van MBChB V inskryf.
 - Wanneer die agterstallige MBChB IV-module aangebied word, skakel jy saam met die MBChB IV-studente in by die kontaksessies vir daardie module en neem deel aan alle assesserings om opnuut ’n klas-, eksamen- en prestasiepunt te verwerf.
 - Jy woon die agterstallig MBChB V-module by, saam met die MBChB IV-studente, tydens die periode wat vir die Elektief 541-module geskeduleer is.
 - Jy voltooi dan die Elektief 541-module in die vakansieperiode aan die einde van MBChB V.
 - Indien jy die agterstallige MBChB IV-module aan die einde van die eerste semester van MBChB V slaag, sal jy toegelaat word om na die Laat- Kliniese Rotasies van MBChB V bevorder te word, met inagneming van paragraaf c) hier onder.
- c) Indien jy aan die einde van die eerste semester van MBChB V enige van die teoretiese modules agterstallig is en jy het wel die module Kliniese Rotasies 511 geslaag, sal jy toegelaat word om met die Laat- Kliniese Rotasies in die tweede semester voort te gaan.
- Die agterstallige teoretiese module(s) moet egter gedurende die eerste semester van die daaropvolgende jaar herhaal word. Jy moet opnuut ’n klaspunt, eksamenpunt en prestasiepunt behaal.
 - Jy hoef nie die Middel- Kliniese Rotasies van die eerste semester van MBChB V te herhaal nie, maar jy sal toegelaat word om voort te gaan om toepaslike domeine van die Laat- Kliniese Rotasies te volg, mits daar nie oorvleueling is met die teoretiese modules wat jy herhaal nie.
 - Om jou die geleentheid te bied om optimaal vir die MBChB V-eksamen in die agterstallige modules voor te berei, sal jy nie aan die Laat- Kliniese Rotasies ná afloop van die MBChB VI-eksamen in April en vóór die MBChB V-eksamen in Mei kan deelneem nie.
 - Indien jy die agterstallige teoretiese module(s) slaag, sal jy toegelaat word om weer die Laat- Kliniese Rotasies in die tweede semester voort te sit.

Herhaling van jaarprogram

Indien jy as MBChB III- of IV-student nie tot die volgende jaargang bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende teoretiese modules van die huidige jaar herhaal. Jy moet dus opnuut ’n klas-, eksamen- en prestasiepunt behaal. Jy moet al die kliniese rotasies, behalwe vir die Inleiding tot Noodgeneeskunde-domein, insluitende evaluering, van die betrokke jaargang herhaal. Die prestasiepunt wat jy met die herhaling van die kliniese rotasies behaal, sal as prestasiepunt vir die betrokke klinieserotasiemodule dien en die bepalings vir die kliniese rotasies (soos in b) onder “Promosie” hier bo uiteengesit), geld dus opnuut.

MBChB VI

Let op: Indien jy laat opdaag vir 'n kliniese eksamen, of glad nie opdaag nie, sonder 'n aanvaarbare rede of verskoning, sak jy daardie eksamen.

1. Finale eksamen

Jy slaag die finale eksamen as jy die kernmodule Laat- Kliniese Rotasies 678 met 'n prestasiepunt van minstens 50% slaag. Raadpleeg ook die fakulteitspesifieke eksamen- en promosiebepalings wat vir die Laat- Kliniese Rotasies geld. Dit kan in die Inligtingsboekie vir Laat- Kliniese Rotasies gevind word.

2. Herevaluering

Raadpleeg die fakulteitspesifieke bepalings oor die herevaluering in domeine van die Laat- Kliniese Rotasies in die Inligtingsboekie vir Laat- Kliniese Rotasies.

3. Herhaling van jaarprogram

Indien jy aan die einde van MBChB VI enige domein(e) van die Laat- Kliniese Rotasies agterstallig is, sal jy die agterstallige domein(e) in die daaropvolgende jaar moet herhaal en opnuut 'n klas-, eksamen- en prestasiepunt in daardie domein(e) moet behaal. As herhaler sal daar vir jou, naas die amptelike eksamenperiodes vir studente-interns in April en November elke jaar, hoogstens nog twee addisionele eksamengeleenthede in Januarie/Februarie en in die loop van die tweede semester geskeduleer word.

4. Cum laude

Om te bepaal of jy die MBChB-graad *cum laude* slaag, sal die prosedure gevolg word soos uiteengesit onder "Eksamen- en promosiebepalings" in die hoofstuk oor Universiteitseksamens in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek. Om die graad *cum laude* te slaag, moet jy die graad met 'n gemiddelde prestasiepunt van 75% of hoër slaag.

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Groot veranderinge aan programme

Die volgende veranderinge aan die samestelling van programme wat deur die Fakulteit aangebied word, is weens aanlyn onderrig, leer en assessering noodsaaklik:

Blng (Chemiese Ingenieurswese)

Die Blng (Chemiese Ingenieurswese)-program bevat 'n module in die derde jaar wat slegs uit laboratoriumwerk bestaan, naamlik Chemiese Ingenieurswese D 356. Die Fakulteitsbestuurskomitee het versoek dat die gasheerdepartement, Prosesingenieurswese, maniere ondersoek om die noodsaaklikheid dat studente slegs vir hierdie module na die kampus terugkeer, te verhoed.

Studente wat vir Chemiese Ingenieurswese D 356 in 2020 geregistreer is, sal dus Omgewingsingenieurswese 414 in die plek daarvan mag neem. Vir studente wat egter slegs hierdie module benodig om in 2020 te gradueer, sal die module met gesimuleerde eksperimente aangebied word.

Omgewingsingenieurswese 414 sal dus in die tweede semester van 2020 vir hierdie doel aangebied word, asook in die eerste semester van 2021. Chemiese Ingenieurswese D 356 sal in sowel die eerste as die tweede semester van 2021 aangebied word en studente wat dit in 2020 sou neem, sal toegelaat word om die module in die eerste semester van 2021 te neem. Klas- en tutoriaalroosters vir 2020 en 2021 sal gewysig word om vir bogenoemde veranderinge voorsiening te maak.

FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Groot veranderinge aan programme en modules

Die Fakulteit Krygskunde het geen veranderinge aan programme of modules vir Semester 2 om te rapporteer nie. Die Fakulteit gaan voort met direkte onderrig en leer terwyl afsondering op die kampus plaasvind. Onderwys, opleiding en ontwikkeling in die Departement Verdediging gaan voort as deel van weermagvoorbereiding.

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme

Geen groot veranderinge is aangebring aan enige programme wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word nie.

Groot veranderinge aan individuele modules

Assessering

Verandering van eksamenassesseringsbenadering na buigsame-assesseringsbenadering

Die volgende modules is tans in die Jaarboek gelys onder die *eksamenassesseringsbenadering*. Weens die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering sal al die volgende modules die *buigsame-assesseringsbenadering* volg:

Geskiedenis

- Oorsig oor die Suid-Afrikaanse Geskiedenis 13463-144
- Suid-Afrika in die 20ste Eeu 13463-348

Politiese Wetenskap

- Internasionale Betrekkinge en Afrika-politiek 44687-144
- Politieke Ontwikkeling 44687-242
- Buitelandse Beleidsanalise 44687-252
- Politieke Konflik 44687-344
- Politieke Analise 44687-354
- Internasionale Betrekkinge van Afrika 44687-364

Verwydering van subminimumvereistes

Ten einde aan studente in hierdie tydperk van aanlyn lewering die volle voordeel van die buigsame-assesseringsmodel te bied, sal die subminimum-vereiste dat studente die lesing- en seminaarkomponent van die module afsonderlik slaag vir die volgende modules geskrap word:

- Engels 53880-178
- Engels 53880-244
- Engels 53880-348

Verandering van inligting oor assessering in die Jaarboek gepubliseer of aan studente gekommunikeer

Die eksamens vir die volgende Maatskaplike Werk-modules sal van 'n klas-, toeboek-, pen-en-papier-eksamen met toesighouding na 'n oopboek-, tuiseksamen van drie uur verander:

- Inleiding tot Maatskaplike Werk (Teorie) 15865-178
- Metodiek van Maatskaplike Werk (Teorie) 15865-278
- Intervensie in Maatskaplike Werk (Teorie) 15865-378
- Maatskaplike Werk Geïntegreerd (Teorie) 15865-478

Bykomende tyd vir aanlyn assesserings benodig:

'n Bykomende 20 minute word in die volgende Sielkunde-modules by die oorspronklik gekommunikeerde assesseringsstyd gevoeg om voorsiening vir tegniese kwessies in toetse en eksamens te maak:

- Sielkunde in Konteks 18414-144

- Navorsingsontwerp in die Sielkunde 18414-243
- Data-ontleding in die Sielkunde 18414-348

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Groot veranderinge aan programme

Veranderinge aan die uitkomste van modules wat deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word, is weens die huidige nood-afstandsonderrig noodsaaklik en beïnvloed dus veranderinge aan die huidige programaanbiedinge.

| Programme geraak | Veranderinge aan uitkomste | Motivering |
|---|---|---|
| BIng (Chemiese Ingenieurswese) | Chemie C 152: Die uitkoms “Voer basiese eksperimente in ’n chemie-laboratorium uit” verander na “Voer basiese eksperimente uit”. | Dit is slegs ’n praktiese module, en sal nou volledig aanlyn tuis gedoen word. |
| BIng (Chemiese Ingenieurswese) | Chemie C 152: Die volgende uitkoms is bygevoeg: “Begryp eksperimentele ontwerp en die wetenskaplike proses”. | Dit is slegs ’n praktiese module, dus sal die aard van die eksperimente verander. |
| <ul style="list-style-type: none"> • BSc (Biodiversiteit en Ekologie) • BSc (Molekulêre Biologie en Biotegnologie) • BSc (Menslike Lewenswetenskappe) • BSc (Sportwetenskap) • BSc (Chemie) • BSc (Fisika) • BSc (Aardwetenskap) • BSc (GeoInformatika) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Rekenaarwetenskap uitsluitende Genetika) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Toegepaste Wiskunde) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Wiskunde) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Wiskundige Statistiek) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Operasionele Navorsing) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Abstrakte Wiskunde) • BSc (Wiskundige Wetenskappe) (Biowiskunde) • BSc (Biomediese Wiskundige Wetenskappe) • BSc (Toegepaste Medisinale Chemie) • BSc (Bio-informatika en Berekeningsbiologie) | Chemie 144: Herbewoording van die uitkomste “Ontwerp en voer tuisgebaseerde eksperiment uit” na “Interpreteer en doen verslag oor eksperimentele data”. | Alle inhoud, insluitende laboratoriumpraktika, sal aanlyn aangebied word en studente sal dus nie laboratoriumvaardighede kan verwerf nie. |
| BSc (Aardwetenskap) | Aardwetenskap Veldvaardighede 172: Uitkomste wat verwys na “veldwerk” of “praktiese werk” verander na “praktiese en teoretiese ervaring”. | Dit is ’n jaar lange module en veldgebaseerde materiaal sal na virtuele veldtake verander. |

| Programme geraak | Veranderinge aan uitkomste | Motivering |
|------------------|---|--|
| | Aardwetenskap Veldvaardighede 272: Uitkomste wat verwys na “veldwerk” of “praktiese werk” verander na “praktiese en teoretiese ervaring”. | Alle velduitstappies is na die tweede semester verskuif. ’n Vyfdag-velduitstappie sal in die kwartaalreses in die tweede semester plaasvind. Twee ander velduitstappies sal in aanlyn velduitstappies omgeskakel word. |
| | Aardwetenskap Veldvaardighede 374: Uitkomste wat verwys na “veldwerk” of “praktiese werk” verander na “praktiese en teoretiese ervaring”. | Alle velduitstappies is na die tweede semester verskuif. ’n Negedag-velduitstappie sal in die kwartaalreses in die tweede semester plaasvind. Twee ander velduitstappies sal in aanlyn velduitstappies omgeskakel word. |
| | Omgewingsveldvaardighede 271: Uitkomste wat verwys na “veldwerk” of “praktiese werk” verander na “praktiese en teoretiese ervaring”. | Alle velduitstappies is na die tweede semester verskuif. ’n Vyfdag-velduitstappie sal in die kwartaalreses in die tweede semester plaasvind. Twee ander velduitstappies sal in aanlyn velduitstappies omgeskakel word. |
| | Omgewingsveldvaardighede 372: Uitkomste wat verwys na “veldwerk” of “praktiese werk” verander na “praktiese en teoretiese ervaring”. | Een velduitstappie is direk voor grendeltyd uitgevoer. Alle ander velduitstappies is na die tweede semester verskuif. ’n Tweedag-velduitstappie sal in die kwartaalreses in die tweede semester plaasvind. Twee ander velduitstappies sal in aanlyn velduitstappies omgeskakel word. |
| | Geologie 244: Uitkomste wat verwys na “praktiese ervaring” verander na “praktiese en teoretiese ervaring”. | In die algemeen sal leeruitkomste na verwagting nie verander nie, maar voorgesette praktiese identifikasie en beskrywing van gesteentes en maaksels of praktiese kompaswerk is nie uitvoerbaar met aanlyn leer nie. Dele van die praktiese kaart- en snitwerk sal in ’n week lange blokkursus ná die semesterreses voltooi word. |
| | Geologie 254: Alle uitkomste wat verwys na “praktiese vermoë” verander na “praktiese en teoretiese toepassing”. | Die leeruitkomste vir hierdie module bly onveranderd weens die intensiewe praktiese week wat geskeduleer is. Die studente sal egter nie selfde vlak van vertrouwdheid met optiese mikroskopie as in vorige jare verwerf nie. Dit sal in derdejaarsmodules in 2021 aan bod moet kom. |
| | Geologie 344: Alle uitkomste wat verwys na “praktiese vermoë” verander na “praktiese en teoretiese toepassing”. | Praktiese identifisering van gesteentes is nie ten volle uitvoerbaar in ’n aanlyn kursus nie. Studente sal deur ’n verskeidenheid |

| Programme geraak | Veranderinge aan uitkomste | Motivering |
|------------------|--|---|
| | | virtuele take aanlyn blootstelling aan ertsmonsters en mineralogie kry. |
| | Geologie 354: Die uitkoms “Die doel van die kursus is om graduandi voort te bring wat funksioneel vaardig in die praktiese toepassing van metamorfe petrologie-kennis is” verander na “Die doel van die kursus is om graduandi voort te bring wat die nodige grondliggende teoretiese kennis het wat nodig is om praktiese toepassings van metamorfe petrologie-kennis uit te voer”. | In die algemeen sal leernutkomste na verwagting nie verander nie, maar studente sal minder blootstelling aan praktiese werk hê. Die studente sal deur virtuele mikroskope en regstreekse aanlyn stroming van praktiese werk blootstelling aan praktiese werk kry. |

Groot veranderinge aan individuele modules

Assessering

Verandering van eksamenassesseringsbenadering na buigsame-assesseringsbenadering

Die volgende modules is tans in die Jaarboek gelys onder die *eksamenassesseringsbenadering*. Weens die huidige implementering van aanlyn leer, onderrig en assessering sal al die volgende modules die *buigsame-assesseringsbenadering* volg.

- Biodiversiteit en Ekologie 53953-244
- Biodiversiteit en Ekologie 53953-264
- Biodiversiteit en Ekologie 53953-345
- Biodiversiteit en Ekologie 53953-354
- Biodiversiteit en Ekologie 53953-364
- Biologie 25046-144
- Biologie 25046-146
- Biologie 25046-154
- Biowiskunde 66176-374
- Capita selecta (Markov-prosesse) 12256-763
- Chemie 11479-144
- Chemie 11479-254
- Chemie 11479-264
- Chemie C 48321-152
- Digitale Beeldverwerking 64572-793
- Aardwetenskap Veldvaardighede 12239-374
- Finansiële Wiskunde 56847-378
- Eindigende Verskille en Eindigende Element Metodes 13946-771
- Geo-omgewingswetenskap 64165-154
- Geologie 13374-244
- Geologie 13374-344
- Geologie 13374-354
- Geologie 13374-364

- Grafiekteorie 10542-782
- Wiskunde 21539-244
- Wiskunde 21539-344
- Mikrobiologie 16284-244
- Mikrobiologie 16284-354
- Mikrobiologie 16284-364
- Fisika 12998-144
- Fisiologie 13080-144
- Fisiologie 13080-244
- Fisiologie 13080-344
- Fisiologie 13080-364
- Spesiale Fisika 19267-142
- Tekstielwetenskap 50563-254
- Tekstielwetenskap 50563-344

Verandering van inligting oor assessering in die Jaarboek gepubliseer

Die inligting oor die assessering van die volgende modules wat in die Jaarboek gepubliseer is of oorspronklik aan studente gekommunikeer is, word as volg aangepas:

| Modulenaam | Gewysigde assesseringsinligting |
|-------------------------------|---|
| Wiskunde 21539-154 | Taalopsie verander van parallelmedium na dubbelmedium |
| Finansiële Wiskunde 56847-378 | Taalopsie verander na parallelmedium |
| Fisika 12998-384 | Taalopsie verander na parallelmedium |

Module-inhoud

Veranderinge aan module-inhoud was nodig vir die volgende modules weens die huidige nood-afstandsonderrig.

Toegepaste Chemie 52078-344

Toekenning van die prestasiepunt sal gewysig word na 50% vir die klaspunt en 50% vir die eindeksamen. Studente sal vir die praktiese komponent op die kampus wees. Die verlaging van die gewig van die eksamen van 60% tot 50% van die prestasiepunt sal help om die druk op studente te verlig sonder om afbreuk aan die standaard en assessering van die module te doen.

Biochemie 11053-365

Studente sal weens virtuele praktiese werk nie die tegnieke fisies in die laboratorium kan uitvoer nie.

Chemie 11479-344

Toekenning van die prestasiepunt sal gewysig word na 50% vir die klaspunt en 50% vir die eindeksamen. Studente sal vir die praktiese komponent op die kampus wees. Die verlaging van die gewig van die eksamen van 60% tot 50% van die prestasiepunt sal help om die druk op studente te verlig sonder om afbreuk aan die standaard en assessering van die module te doen.

Chemie 11479-364

Toekenning van die prestasiepunt sal gewysig word na 50% vir die klaspunt en 50% vir die eindeksamen. Studente sal vir die praktiese komponent op die kampus wees. Die verlaging van die gewig van die eksamen van 60% tot 50% van die prestasiepunt sal help om die druk op studente te verlig sonder om afbreuk aan die standaard en assessering van die module te doen.

Chemie C 48321-152

Studente sal nie basiese eksperimente in 'n Chemie-laboratorium kan uitvoer nie. Aangesien eksperimente nou ten volle tuis gedoen sal word, sal die aard van die eksperimente verander.

Wiskunde 21539-144

Newton se metode, U-vervanging en optimering is by die sillabus vir Wiskunde 144 gevoeg. Drie onderwerpe wat nie in Wiskunde 114 afgehandel is nie sal by die sillabus gevoeg word.

Fisika 12998-384

Mondelinge aanbiedings sal wegval. Geen praktiese eksperimente is moontlik nie en dit sal met demonstrasies en data-analise vervang word.

Tekstielwetenskap 50563-254

Toekenning van die prestasiepunt sal gewysig word na 50% vir die klaspunt en 50% vir die eindeksamen. Studente sal vir die praktiese komponent op die kampus wees. Die verlaging van die gewig van die eksamen van 60% tot 50% van die prestasiepunt sal help om die druk op studente te verlig sonder om afbreuk aan die standaard en assessering van die module te doen.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Groot veranderinge aan programme

Die volgende veranderinge aan die samestelling van programme wat deur die Fakulteit aangebied word, is weens aanlyn onderrig, leer en assessering noodsaaklik:

Voorgraadse programme

BEd

Skoolbesoeke in die derde kwartaal vir BEd II, III en IV sal met aanlyn aktiwiteite vervang word.

Nagraadse programme

Nagraadse Onderwysertifikaat (NOS)

Praktiese skoolbesoeke as vereiste vir die verkryging van die NOS (bl. 42 in die Jaarboek): Skoolbesoeke in die derde kwartaal sal met aanlyn aktiwiteite en beperkte skoolbesoeke vervang word ingevolge die Fakulteitsinligting aan studente verskaf.

HonsBEd-programme

Die aanbiedingstruktuur (bl. 54 in die Jaarboek) vir alle HonsBEd-programme, wat direkte halfjaar-kontaksessies en telematiese sessies in die tweede semester insluit, sal in aanlyn onderrig alleenlik omgeskakel word.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Groot veranderinge aan programme

Geen wesenlike verandering is aan programme gemaak wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word nie

Veranderinge aan individuele modules

Assessering

Veranderinge aan die assesseringsinligting wat tans in die Jaarboek gepubliseer is, is weens die huidige implementering van aanlyn onderrig, leer en assessering noodsaaklik. Wysigings word aan die onderstaande modules gemaak:

Handelsreg 37273-441

Die duur van die eksamen sal verander van 2 uur tot 2,5 uur om voorsiening te maak vir die gewysigde afstandsformaat van die eksamen.

Die Reg op Handelsmerke 10008-711

Die duur van die eksamen sal verander van 4 uur tot 5 uur om voorsiening te maak vir onderbrekings wat die inlewering van 'n aanlyn antwoordblad kan bemoeilik.

Intellektuele Goederereg 11254-441

Die duur van die eksamen sal verander van 2 uur tot 2,5 uur om voorsiening te maak vir die gewysigde afstandsformaat van die eksamen.

Handelsreg 37273-445

Die duur van die eksamen sal verander van 2 uur tot 'n eksamen van 1 uur en 30 minute en 'n 15 minuut-mondeling om voorsiening te maak vir sowel 'n skriftelike as 'n mondelinge komponent van die eksamen.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Groot veranderinge aan programme of modules

Geen wesenlike verandering is aan programme of modules gemaak wat deur die Fakulteit Teologie aangebied word nie.